Ges 46: 1,2,3,4
Ges. 106: 3,5
Ges. 107: 4

# Die Teken: 'n Krib.

Aand. 23 Des. 1962

Luk. 2:1-12.

Luk. 2:12 – En dit is vir julle die teken: julle sal 'n Kindjie vind wat in doeke toegedraai is en wat in die krip lê.

Wie die diepe en blywende betekenis v.d. koms van Christus na hd. wêreld wil verstaan, kan dit alleen doen as hy begin waar God self opnuut begin: by die aankondiging wat God deur 'n engel doen aan 'n groepie herders op die velde van Bethlehem. Wie dit wil verstaan sal laag moet afdaal – na eenvoudige skaapwagters, en sal laag moet buk om in te gaan – na 'n stal.

Ongelooflik klink die wonder van die woord v.d. engel aan hd. groepie eenvoudige, ongekunstelde manne: „Vir julle is vandag in die stad v. Dawid gebore die Saligmaker wat Christus, die Here is"

Die aankondiging – ja, die verkondiging – van hd. woord wek onmiddellik die begeerte, die diepe drang in hulle harte: om hd. Saligmaker te gaan opsoek en vind. Dis wat altyd deur d. eeue heen gebeur wanneer God spreek en die mens waaragtig luister: dat hy opstaan om d. Saligmaker te soek en te vind!

En nou, omdat d. engel weet dat dit 'n onmoontlike soekery in die stad en in d. nag sou afgee na 'n pasgebore Kindjie, maak hy dit maklik vir hulle deur 'n aanwysing, 'n beskrywing wat so duidelik en onmiskenbaar is dat hulle dit nooit kon misverstaan: „julle sal 'n Kindjie vind wat in die krip lê"

Voorstellinge O.T.: Hoe anders as wat die hele volk van Israel hulle die koms v.d. Messias voorgestel het! Lees maar die O.T. en die beskrywende voorstellinge van die openbaring van God se heer-

likheid en majesteit – „welke en donkerheid, weer en bliksem," waarvoor die mens in bewing en ontsetting hom verberg! want dis tog die grote en almagtige God, skepper van hemel en aarde, wat hier op aarde verskyn! En nou in Krip! Waarom?

Van die begin af moes die herders verstaan dat hd. Christus alleen Saligmaker kon wees in die weg v. diepe vernedering. Dit sou die Teken wees v.d. Saligmaker v.d. wêreld: sy lydensgestalte (Jes 53).
En hd. Teken openbaar hom eerstens in die Teken v.d. Krip; dan ifd Teken v.d. Kruis; dan ifd Teken v.d. Spykers na sy opstanding as Thomas sê:
„As ek nie in sy hande die merk v.d spykers sien en my vinger steek in die merk v.d. spykers en my hand in sy sy steek nie, sal ek nooit glo nie"

Ver. die Teken openbaar hom ook in die hemel – en sal hom ook vanuit d. hemel openbaar. Want selfs in die hemel, so teken Joh. dit, sien die verlostes Hom staan as die Lam wat geslag is, en as Hy eendag terugkom na d. wêreld, met omring deur hemelse leërskare, dan sal weer die Teken v.d. Seun v.d. Mens verskyn op die wolke v.d. hemel. Wat dd. teken sal wees weet ons nie – en dit het geen sin om te raai nie – mr. dit weet ons dat elke mensoog dit sal sien en sal verstaan dan nie meer as Teken v. vernedering mr van verheerliking, dan nie meer as Teken van smaad en verbag, mr. as dié van Oorwinning!

Vermag u daardie Teken? Verlang u na dd. Teken? Verheug u u in dd. Teken?

<u>Die Teken v.d. Krip:</u> Nr. Kom, laat ons nou ~~kyk~~ saam m.d.-herders ingaan na d. stal en die krip. Waarom het God dit so beskik dat sy Seun, d. Here v.d. heerlikheid gebore <u>moes</u> word in 'n stal en neergelê sou word in 'n <u>krip</u>? Dit kan ons alleen verstaan as ons in gedagte hou dat onder d. Jode die algemeen-heersende opvatting bestaan het dat d. Messias 'n wêreldse koninkryk sou kom stig soortgelyk aan die ryk v. David, dat hd. Messias die volk v. Israel sou uitlei tot groot glorie en heerskappy, en deur d. smaad sou ophef waaronder d. Jode toe moes leef!

Met een slag kom die Kersengel al hd. menslike verwagtinge vernietig. Die Saligmaker v.d. wêreld kom nie 'n saligheid van sigbare, aardse grootheid bring nie. Sy Koningskap sien u nie in 'n Kroon nie, mr 'n krip; soek u nie in 'n paleis mr. in 'n stal, geen purper-drapering mr. eenvoudig-wit doeke. Daar is die teken v.d. krip een v. innerl. verlossing, een v. geestes-verandering wat hom openbaar na buite.

<u>Die Doeke i.d. Krip:</u> Teken v. sy pynlike armoede - sy gebrek aan enige aardse <u>status</u> of <u>aansien</u> of <u>prestige</u>: en daarmee alle mense deur alle eeue daaraan te herinner dat hd. Saligmaker ons geen ~~[illegible]~~ belofte maak of d.-indruk wil gee dat ~~[illegible]~~ Hy ons enige tydelike gewin skenk - dat ons aardse rykdom of glorie of eer of erkenning te wagte moet wees omdat ons Hom navolg nie. Inteendeel: d. armoede v. sy geboorte is 'n tydige vermaning aan alle mense dat hier 'n Saligmaker is wat nie 'n plek gehad het waar Hy sy Hoof kon neerlê nie en wat ons

Die Teken van Kind & Doeke & Krip:

– Gods heerlikheid : Kan dit nie ongeskonde aanskou (Moses – )

– En nou kom God in d. gedaante van 'n Kind.
God maak hom klein en gering, Hy maak Hom sigbaar & aanskoubaar (glad v sy Maj. oor ons arms neerlê) sodat ons nie sou terugskrik & wegjaag hoef nie. Dis d. skoonheid v God se nederigheid en menslikheid wat Hy teken!

– Geen prag & praal wat d. skugtere afskrik
– Geen paleis maar .
net 'n eenvoudige plek met 'n oop deur –
d. nederigste, eenvoudigste, armoedigste, d. sondigste, d. skuldigste – Welkom!

→ Is dit nie alles te eenvoudig nie, te simpel, te armoedig, te klein en gering vir ons mensl. grootsheid?

Kersfees is teeks: openbaar nie net Xtus se grootsheid nie maar ons kleinheid.

# Afkondiginge

23 Des. 1962

✓1. Uitslae studente:

✓2. Dank Kersmense.

✓3. Gemeentelike Kalender.

✓4. Voorstelling Kerkraad v

## Gebed

1. Droogte.
2. Veiligheid op paaie.
3. Kersfees.
4. Vakansie v ms.
5. Werkendes – bes. verantwd:
   - Spoorweë & lugdiens
   - Posbodes v beamptes.
   - Verkeersmanne
   - Polisie
   - Hospitaalpersoneel.

25 Des. 1962

## Gebed

1. Siekes: tuis, inrigtings, hospitale
2. Oues & dae: ~~Minderbevoorregtes: armes~~
3. Gebreklikes & misdadiges
4. Eensames, ontwrigtes, onstandelik & geest.-/senuw. versteurdes
5. Hongeriges, armoediges, ondervoedes, noodlydendes.
6. Vervolgdes & verdruktes.
7. Vervreemdes, onverskilliges, heidene